

Rapporteerbaar: Ja / Nee Sirkuleer onder Regters: Ja / Nee Sirkuleer onder Landdroste: Ja / Nee Sirkuleer onder Streeklanddroste: Ja / Nee

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (Noord-Kaapse Afdeling)

Saak No: CA&R 14/2007

Saak Aangehoor: 25/02/2008

Datum gelewer: 20/03/2008

In die saak tussen:

Sectionl.1 GILBERT NHLATHI

APPELLANT

en

Sectionl.2

Sectionl.3 DIE STAAT

RESPONDENT

Sectionl.4

Sectionl.5

Sectionl.6 Coram: Lacock R et Olivier R

UITSPRAAK OP Appèl

Olivier R:

1. Die appellant is in die Streekhof skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer (aanklag 2), roof met verswarende omstandighede (aanklag 3), die onwettige besit van 'n vuurwapen en ammunisie (onderskeidelik aanklagte 5 en 6) en strafbare manslag (aanklag 8). Hy is op aanklag 2 gevonnissen tot een jaar gevangenisstraf, op aanklag 3 tot agt jaar gevangenisstraf, op aanklagte 5 en 6 (saamgeneem) tot twee jaar gevangenisstraf en op aanklag 8 tot agt jaar gevangenisstraf.
2. Hy kom nou met verlof van die verhoorhof in hoër beroep teen sy skuldigbevindings op aanklagte 3, 5, 6, en 8.

3. Aanklagte 3, 5 en 6 het voortgespruit uit gebeure wat plaasgevind het op 31 Oktober 2004. Dit was gemeensaak dat die klaer by daardie geleentheid beroof is van sy vuurwapen (met 2 patrone daarin), dat een van die rowers toe in die onwettige besit was van die vuurwapen en ammunisie en dat die klaer in die proses met 'n mes gestek is (wat die verswarende omstandighede daargestel het). Al wat in geskil was, was die identiteit van die aanvallers, en meer spesifiek van die appellant as een van hulle.
4. Dit was die Staat se saak dat die appellant een was van die groep persone wat die klaer aangeval het en dat dit hy was wat die klaer met die mes op sy hand gestek het en die vuurwapen en ammunisie afgevat en toe in sy besit gehad het.
5. Die appellant het ontken dat hy op die toneel was. Sy saak was dat hy vroeër by 'n paar plekke saam met vriende gedrink het en dat hy oppad huis toe was met nog drank toe hy gearresteer is.
6. Dit is geykte reg dat 'n Hof van appèl nie ligtelik sal inmeng met 'n verhoorhof se feite- en geloofwaardigheidsbevindinge nie en slegs so sal doen waar die Hof van appèl oortuig is dat sodanige bevindinge verkeerd was.
7. Dit is so dat daar etlike weersprekings was tussen die klaer en die getuie mnr Amien Peterson ten aansien van dié gebeure. Geeneen van daardie weersprekings het egter geslaan op die identiteit van die appellant as een van die aanvallers nie.
8. Dit is verder so dat nŭg die klaer nŭg mnr Amien Peterson enige spesifieke kenmerke kon uitlig waaraan hulle die appellant uitgeken het. Alhoewel dit sekerlik van belang is, is dit nie noodwendig deurslaggewend nie (sien **S v Pretorius en 'n Ander** 1991 (2) SACR 601 (A) op 607i-608a).
9. Feit is egter dat die klaer minute ná die aanval die appellant aan lede van die polisie uitgewys het as een van die aanvallers. Die beskrywing wat hy vooraf aan die polisiebeamptes verstrek het, naamlik dat die man 'n swart leerbaadjie aangehad het, het geklop met die appellant se eie getuienis dat hy inderdaad so 'n baadjie aangehad het toe hy gearresteer is.

10. Toe die appellant die polisievoertuig gewaar het, het hy weggehardloop en hom agter iemand anders se huis verskuil. Sy bewering dat hy so opgetree het omdat hy bang was dat die polisie hom sou arresteer weens die feit dat hy drank in sy besit gehad het, gaan nie op nie.

10.1. In die eerste plek is daar geen rede waarom die polisie hom sou arresteer om sý 'n rede nie.

10.2. Die polisie het ook geen drank gevind op die toneel waar die appellant gearresteer is en waar hy beweer het hy die drank inderhaas neergesit het nie.

10.3. Die appellant se getuienis dat hy spesifiek die drank aan die polisie uitgewys het en dat die polisie eers nie wou teruggaan in die perseel in om dit te gaan besigtig nie, maar dit toe volgens hom tog later uitgegooi het, is nooit deur sy regsverteenwoordiger in kruisverhoor aan die betrokke polisiebeampte gestel nie.

11. Dan is daar nog die klaer se getuienis dat, toe hy nog dieselfde dag by die polisiestasie 'n verklaring afgelê het, die gearresteerde appellant aangebied het om sy vuurwapen terug te gee as hy die klagte terugtrek.

12. Daar is geen basis waarop kan of behoort ingemeng te word met die Streeklanddros se aanvaarding van hierdie getuienis van die klaer nie, al was die klaer ten aansien daarvan 'n enkel-getuie. Die appellant se weergawe hieroor was duidelik leuenagtig.

12.1. Dit is in kruisverhoor namens die appellant aan die klaer gestel dat die appellant nooit by daardie geleentheid met die klaer gepraat het nie.

12.2. In sy hoofgetuienis het die appellant egter aangevoer dat daar wel 'n gesprek was tussen hulle by die polisiestasie. Volgens die appellant het die klaer toe vir hom gesê om sy vuurwapen terug te gee, waarop die appellant bloot sou gesê het dat hy die klaer nie geken het nie en dat die klaer versigtig moes kyk om seker te maak van sy identiteit.

12.3. Onder kruisverhoor het die appellant egter 'n ander weergawe verstrek. Hy het toe aangevoer dat die klaer die een was wat met hom gepraat het en

aangebied het om die aanklag terug te trek as die appellant sy vuurwapen vir hom sou gee.

12.4. Die appellant het toe eers aangevoer dat hy glad nie by daardie geleentheid met die klaer gepraat het nie, toe weer dat hy wel geantwoord het (maar nie geopenbaar wat hy dan vir die klaer sou gesê het nie) en later weer beweer dat hy hoegenaamd nie eers die klaer op dié voorstel geantwoord het nie (maar bloot die polisiebeampte geroep het).

13. Ek is van oordeel dat daar genoegsame betroubaarheidswaarborgs was vir die klaer en mnr Amien Peterson se uitkenning van die appellant en bestaan daar na my oordeel geen basis waarop ingemeng kan of behoort te word met die Streeklanddros se bevindinge in hierdie verband nie.
14. Wat aanklag 8 betref, het die appellant aanvanklik tereggestaan op 'n aanklag van moord, maar is hy skuldig bevind aan strafbare manslag. Daardie skuldigbevinding het die Streeklanddros gebaseer op die appellant se eie weergawe, en wel klaarblyklik op die basis dat die appellant die perke van noodweer oorskry het en die oorledene nalatiglik gedood het.
15. Die aanvaarde feitebasis in hierdie verband was die volgende:
 - 15.1. Die appellant was besig om in 'n straat weg te hardloop van twee persone nadat een van hulle hom deursoek het vir 'n mes, maar dit nie gevind het nie.
 - 15.2. Die oorledene het van vooraf aangekom en is deur een van die agtervolgers versoek om die appellant voor te keer.
 - 15.3. Die oorledene het toe sy arms wyd uitgestrek en, wanneer die appellant van rigting verander het om by die oorledene te kon verbyhardloop, telkens weer in die appellant se pad inbeweeg.
 - 15.4. Die appellant het toe die oorledene een fatale steekwond met 'n mes op sy bors toegedien en weggehardloop.
 - 15.5. Die oorledene het nooit 'n wapen hanteer nie en het niks meer gedoen as om die appellant te probeer voorkeer nie.
 - 15.6. Daar was ook geen getuienis dat enige van die persone wat

die appellant gejaag het, gewapen was nie.

16. Selfs al sou aanvaar word dat die appellant in 'n noodweersituasie teenoor die oorledene en/of 'n noodtoestand-situasie teenoor die agtervolgers verkeer het toe hy die fatale steekwond toegedien het, sou die vraag steeds wees of hy die perke daarvan oorskry het en na my oordeel moet die antwoord hierop bevestigend wees.
17. Die oorledene was ongewapen en daar was geen suggestie dat die appellant ooit anders kon gedink het nie. Die appellant het die oorledene nooit gewaarsku dat hy gewapen was en dat hy hom met die mes sou steek nie. Die appellant het geen poging aangewend om die oorledene op 'n ander wyse uit sy pad te stamp of te verwyder, anders as om hom die fatale steekwond toe te dien nie (Sy latere weergawe dat hy eintlik in die proses van 'n stamp die oorledene raakgesteek het, was duidelik 'n valse aanpassing van sy weergawe, soos ook hieronder weer na verwys).
18. Wat die agtervolgers betref, is dit so dat die appellant twee weke tevore met een van hulle, genaamd Bowa, in 'n bakleiery betrokke was oor 'n meisie.
 - 18.1. Alhoewel die appellant aangevoer het dat die twee van hulle om daardie rede nie om dieselfde vuur gesit het nie, het hy tog ook getuig dat hy op die dag van die voorval gedink het dat die betrokke persoon 'n grap maak en speel toe hy wou weet of die appellant 'n mes by hom gehad het.
 - 18.2. Toe die appellant tydens die vorige voorval tussen hulle 'n mes tevoorskyn gebring het, het Bowa op die vlug geslaan.
 - 18.3. Die appellant het, veral waar nÚg Bowa nÚg die ander agtervolger enige aanduiding gegee het dat hulle gewapen was, en hy wat die appellant was self gewapen was met presies dieselfde wapen wat Bowa al voorheen op die vlug laat slaan het, geen grondslag gehad om te dink dat sy lewe in gevaar was nie.
19. Wat die skuldvorm betref, was die appellant moontlik ietwat gelukkig dat die Streeklanddros bevind het dat hy slegs nalatig was.

19.1.Die appellant se weergawe was aanvanklik dat hy die oorledene met die mes gesteek het om hom uit sy pad te kry en dat hy nooit bedoel het om hom te dood of dit in gedagte gehad het nie.

19.2.Later het die appellant sy weergawe probeer aanpas, deur voor te gee dat hy eintlik bloot die oorledene probeer wegstamp het en hom toe met die mes getref het.

20. Na my oordeel behoort die appel teen die skuldigbevinding teen aanklag 8 ook nie te slaag nie.
21. Dit bring my by die kwessie van die vonnisse, ten aansien waarvan daar nie aan die appellant verlot tot appel verleen is nie.
22. Ek het reeds verwys na die vonnisse wat die Streeklanddros opgelê het. Die Streeklanddros het egter op die klagstaat (vorm J15) die vonnis op aanklag 3 verkeerdelik aangeteken as synde 24 maande gevangenisstraf, en toe die lasbrief ter gevangesetting uitgemaak en onderteken is, is dié fout daarin voortgesit.
23. Van meer belang vir huidige doeleindes is dat dit nou blyk dat die Streeklanddros, by die oorweging van die aansoek om verlot tot appél teen die vonnisse, as gevolg hiervan onder die indruk verkeer het dat die appellant in totaal tot dertien jaar gevangenisstraf gevonnissen is, terwyl die totale vonnis wat opgelê is in werklikheid negentien jaar gevangenisstraf was.

23.1.Die Streeklanddros gee toe dat, indien hy hiervan bewus was, verlot tot appél teen die vonnisse verleen sou gewees het.

23.2.Die Streeklanddros doen aan die hand dat die aansoek om verlot tot appél na hom terugverwys word vir **de novo** oorweging.

23.3. In die lig van die aanduiding wat die Streeklanddros egter nou reeds gegee het ten aansien van die moontlikheid van verlof tot appél teen die vonnisse, meen ek egter dat die praktiese oplossing hier sal wees om in die uitoefening van hierdie Hof se inherente hersieningsbevoegdhede die vonnisse te oorweeg asof verlof tot appél ook daarteen verleen is.

23.4. By die aanhoor van die appél was die houding van beide die appellant en die respondent se regsverteenswoordigers dan ook dat daar geen benadeling uit hierdie wyse van hantering sou kon voortspruit nie.

24. Blykens die betoogshoofde namens die appellant is die aanval in hierdie verband gerig op die vonnis op aanklag 8, en dan ook op die kumulatiewe effek van die verskillende vonnisse.
25. Die vonnis op aanklag 3 was duidelik eintlik agt jaar gevangenisstraf, en nie slegs 24 maande gevangenisstraf nie.

25.1. In die betoogshoofde namens die appellant is dan ook nou van dié standpunt uitgegaan.

25.2. Die fout op die klagstaat en op die lasbrief was bloot administratief van aard.

25.3. Daar is ook nie namens die appellant enige betoog gevoer dat daar met die vonnis van agt jaar gevangenisstraf op aanklag 3 ingemeng behoort te word nie.

25.4. In sy destydse aansoek om kondonاسie en in die aansoek om verlof tot appél het dit ook duidelik geblyk dat die appellant daarvan bewus was dat sy vonnis op aanklag 3 eintlik agt jaar gevangenisstraf was en is geen kritiek daarop gelewer nie.

25.5. Vir soverre dus nou weer van die standpunt uitgegaan sou word, en vir administratiewe doeleindes duidelik gemaak sou word, dat die vonnis op aanklag 3 eintlik agt jaar gevangenisstraf is, en

nie net 24 maande gevangenisstraf nie, kan dit nie as 'n verswaring van vonnis beskou word nie.

26. Wat die vonnis op aanklag 8 betref, meen ek egter dat dit, alles inaggenome, skokkend swaar is.

26.1.Die appellant was ten tye van die pleging van die misdaad maar 20 jaar oud, en slegs 22 jaar oud toe vonnis opgelé is.

26.2.Alhoewel die neem van 'n ander se lewe, selfs ook nalatiglik, natuurlik altyd ernstig is, meen ek dat die Streeklanddros nagelaat het om behoorlike oorweging te skenk aan die omstandighede waaronder die oorledene gedood is; weereens geneem op die appellant se weergawe.

26.3.Die appellant was nie die betrokke aand die inisieerder van die probleme tussen hom en Bowa nie. Hy is deur Bowa in 'n situasie gedompel waar hy moes vlug.

26.4.Die oorledene, wat nie eers aan die appellant bekend was nie, het dit goedgevind om bloot op Bowa se versoek die appellant voor te keer.

27. Daar het 'n noodweer- en/of noodsituasie bestaan en, alhoewel die appellant die perke daarvan oorskry het, meen ek tog dat die feit dat die appellant sonder enige aandeel van sy kant in sodanige situasie geplaas is, as sterk versagkend oorweeg moes gewees het (vergelyk **S v Goliath** 1972 (3) SA 1 (A) op 30).

28. Aan die ander kant is daar egter die appellant se rekord van vorige veroordelings. Dit blyk dat hy in die periode vanaf Maart 1997 tot September 2000 nie minder nie as sewe keer met die gereg gebots het.

28.1.Slegs een van sy vorige veroordelings slaan egter op geweld teenoor die persoon van 'n ander, te wete 'n skuldigbevinding in 1999 aan aanranding met die opset om ernstig te beseer, waarvoor

hy tot 6 maande gevangenisstraf gevonniss is. Die appellant moes toe egter maar nog 'n blote kind gewees het.

28.2.Die ander vorige veroordelings bestaan uit twee skuldigbevindings aan diefstal, een aan kwaadwillige saakbeskadiging, twee aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal en een aan die onwettige besit van dagga.

28.3.Van belang is egter dat die appellant by die laaste geleentheid in September 2000 4 jaar gevangenisstraf opgelé is en hy moes dus maar kort uit die gevangenis gewees het toe hy die eerste van die onderhawige misdade gepleeg het. Intendeel, dit het uit die appellant se eie getuigenis geblyk dat hy nog op parool was op daardie stadium.

29. Verswarend is verder dat die appellant se optrede oor die periode waarbinne die aanranding met die opset om ernstig te beseer, die roof en die strafbare manslag gepleeg is, opsigself al 'n beeld begin vorm het van 'n persoon wat gewapen met 'n mes rondbeweeg en nie huiwer om dit te gebruik nie.
30. Geen ander vonnis as een van gevangenisstraf sal dus op aanklag 8 gepas wees nie.
31. Verder meen ek dat die kumulatiewe effek van die vonnisse skokkend swaar is. Dit is so dat aanklagte 5 en 6 saamgeneem is vir die doeleindes van vonnis, maar daardie oortredings het so 'n integrale deel uitgemaak van die roof dat ek meen dat die vonnis op aanklagte 5 en 6 tesame met aanklag 3 uitgedien kan word; wat ook 'n verskil sal maak aan die kumulatiewe effek van al die vonnisse wat die appellant hier opgelé is en gaan word.
32. Ek sou dus die volgende bevele hierin maak:

1. Die appèl teen die skuldigbevindings op aanklagte 3, 5 6 en 8 word afgewys en die skuldigbevindings op

daardie aanklagte word bekragtig.

- 2. Die appèl teen die opgelegde vonnisse slaag en die opgelegde vonnisse word onderskeidelik soos volg bekragtig of gewysig:**

2.1 Aanklag 2: Een jaar gevangenisstraf.

2.2 Aanklag 3: Agt jaar gevangenisstraf.

2.3 Aanklagte 5 en 6: (saamgeneem): Twee jaar gevangenisstraf.

2.4 Aanklag 8: Ses jaar gevangenisstraf.

- 3. Dit word gelas dat die vonnis op aanklagte 5 en 6 samelopend uitgedien sal word met dié op aanklag 3.**

- 4. Die vonnis op aanklag 8 word teruggedateer tot 7 Junie 2006.**

**C J OLIVIER
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING**

Ek stem saam en dit word so gelas:

**H J LACOCK
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING**

Nms Appellant:	Adv B Segone
In opdrag van:	Regshulpsentrum, KIMBERLEY

Nms Respondent:	Adv A H van Heerden
In opdrag van:	Direkteur van Openbare Vervolgings, KIMBERLEY